# Liewe Target Life Studente van 2021

### Sien hierby die finale reëlings vir die aanvang van Target Life:

## <u>Die studente ontvangs</u>:

- **Sondag 31 Januarie 2021**
- **Plek:** Woord in Aksie kampterrein (Noorde van Pretoria: *GPS L - 25.67105 L - 28.29682)*
- **Registrasie**: 12:00 - 13:00
- **Inligtingsessie**: 13:00 - 14:45 ( Vir ouers en student)
- **Groet:** 14:45 - 15:00 (Ouers en studente groet en die ouers verlaat die terrein)

## <u>BRING DIE VOLGENDE SAAM:</u>

1. Wettige kontrak geteken en op elke bladsy geparafeer deur ALLE ondertekende partye
2. Bewys van betaling van registrasiegelde (R 8 000)
3. Wettige Kommune Huurkontrak geteken en op elke bladsy geparafeer deur ALLE ondertekende partye (indien van toepassing)
4. Bewys van betaling van kommune registrasie gelde indien van toepassing (R 2 200/R 2 500)
5. Uitstaande inskrywingsdokumente (Inskrywingsvorm, afskrifte van ID Dokumente, mediese kaart)

### "Kick-start" Kamp:

"Kick-start" kamp vanaf 31 Januarie 2021 – 3 Februarie 2021. Ons sal na die kamp ongeveer 15:00 arriveer by die kerk met busse. Elke student is **verplig** om saam met die bus terug te ry en moet dus **nie met hul eie karre na die kamp toe gaan nie.** As ouers nie saam met 'n student na die kampterrein toe gaan nie en/of vervoer word benodig, moet daar **voor Vrydag 29 Januarie 18:00** gereël word met Chanine by 082 924 6860.




### Wat om te bring:

- 1 Stel baie ou klere
- 3 Stelle gemaklike klere vir 3 dae (T-hemde en kort broeke)
- Warm klere
- Swemklere, swemhanddoek en sonbrandroom
- Badkamersakkie, badhanddoek
- Slaapklere, slaapsak en kussing
- 'n Pen

### Wat jy <u>NIE</u> moet saamneem <u>NIE</u>:

- Jy mag nie jou selfoon saambring nie
- Jy hoef nie eetgerei te bring nie

## <u>Kommune Reëlings</u>

Studente kan intrek vanaf Vrydag 29 Januarie 11:00 - Saterdag 30 Januarie 18:00

### Wat om saam te bring:

1. Eetgerei: Borde, messe en vurke, 'n glas, 'n koffiebeker ens. *Potte en panne word verskaf.*
2. Lappie, sponsie en afdroogvadoek (x3) vir skottelgoed
3. Wasgoedpennetjies, Seeppoeier (automatiese masjiene) en versagter
4. Permanente merkpen om al jou besittings te merk
5. Badkamer benodigdhede en eie handdoeke
6. Beddegoed vir 'n enkelbed
7. Eie strykyster (opsioneel)
8. **Kos:** Onthou spasie is beperk. Koop slegs genoeg vir tot en met die kamp, waarna jy weer inkopies kan doen na die kamp.
9. Bordspeletjies ens. (opsioneel)
10. Rekenaar (opsioneel - sal slegs op 'n sentrale plek in die kommune staan)
11. Klein musiek instrumente of musiek spelers
12. Motor, motorfiets of fiets (Opsioneel)
13. GEEN diere of insekte
14. GEEN alkohol, elektroniese- en sigarette of enige dwelmmiddels nie

**Verslag van ouers vir SURVIVOR PARAMEDICI:**

Indien ’n student **enige fisiese beserings** of **enig mediese kondisies** (Allergiëe, kroniese siektes, ens.) of **enige gestremdhede** (verstandelik, fisies, ens.) of **enige versteurings** (verstandelik, fisies, ens.) of **enige behandeling ondergaan of ondergaan het** (medikasie, sielkundig, emosioneel, ens.) is ouers verplig en MOET die ouers ’n VOLLEDIGE verslag met afskrifte van mediese verslae (indien moontlik) aan ons epos na targetlifegeneral@gmail.com met die volgende inligting daarin:

- Die toestand
- Student se persoonlike geskiedenis
- Voorkoming
- Hantering
- Beperkinge
- Verwagtinge of prognoses
- Mediese besonderhede(versekering) en kontak nommers in die geval van nood